

**Notule** van die 7<sup>de</sup> Gewone Maandelikse vergadering van die  
Plaaslike Raad vir Beaufort-Wes

gehou in die Raadsaal, Kerkstraat 15, Munisipale Kantore, Beaufort-Wes

op **Dinsdag, 23 September 2014**

om **10:00**

**Teenwoordig:**

**Raadslede** SM Motsoane [Speaker], G Adolph [Voltydse Raadslid], G de Vos, L Deyce, GT Murray, AM Slabbert, DE Welgemoed, R van der Linde en AD Willemse

**Raadsheer** T Prince [Uitvoerende Burgemeester]

**Afwesig:**

**Raadsheer** M Furmen, J Bostander en EAJ Beyers

**In diens:**

Munisipale Bestuurder, Direkteur: Elektrotegniese Dienste, Direkteur: Ingenieursdienste, Direkteur: Finansiële Dienste, Wrnde. Direkteur: Gemeenskapsdienste, Finansiële Konsultant [D Hanekom] en Senior Klerk: Komitees

Raadslid AD Willemse open die vergadering met gebed.

**1. VERKIESING VAN WAARNEMENDE SPEAKER**

**GEEN**

**2. AANSOEKE VIR VERLOF VIR AFWESIGHEID**

3/4/1

**BESLUIT**

Dat die volgende aansoeke om verlof, toegestaan word:

<b>Raadsheer/lid</b>	<b>Datum</b>
Raadslid AD Willemse	26 Septmber 2014
Raadslid MA Slabbert	26 September 2014
Raadslid GT Murray	26 September 2014

### 3. GOEDKEURING VAN NOTULES –

Raadslid G de Vos gesekondeer deur Raadslid GP Adolph stel voor dat die notules so goedgekeur en aanvaar word.

- 3.1 5<sup>de</sup> Gewone Maandelikse vergadering van die Plaaslike Raad vir Beaufort-Wes soos gehou op **Dinsdag, 29 Julie 2014**
- 3.2 13<sup>de</sup> Spesiale vergadering van die Plaaslike Raad vir Beaufort-Wes soos gehou op **Woensdag, 06 Augustus 2014**
- 3.3 Notule van 'n Vergadering insake die Salaris Onderhandelinge van Direkteure: Finansiële Dienste en Korporatiewe dienste vir die Plaaslike Raad vir Beaufort-Wes soos gehou op **Dinsdag, 22 Augustus 2014**
- 3.4 Notule van 'n Vergadering/Gespreksessie insake die Kritieke Finansiële Posisie van die Plaaslike Raad vir Beaufort-Wes soos gehou op **Maandag, 01 September 2014**

**EENPARIG AANVAAR  
ALDUS BESLUIT**

### 4. VERKLARING EN MEDEDELINGS DEUR DIE SPEAKER

3/4/1

Ek wil net aan die huis noem dat die werkwinkel ten opsigte van die kredietbeheerbeleid gaan aan soos beplan. Ons moes alreeds die werkwinkel afgehandel het. Ek het ook alreeds genoem dat die name van die besighede wat bankrot is aan Raad voorgelê word.

Direkteure word na kursusse gestuur om hulle self te ontwikkel, maar dan kry ons werkers wat 2 of 3 vakke kort om hulle graad te bekom. Ons betaal vir die Direkteure of is by hulle pakkette ingesluit. Dan sit ons met werkers wat dieselfde behoefte het om vorentoe te gaan. Ons moet kyk hoeveel mense daar is wat hulp nodig het binne die Munisipaliteit.

Daar is huise wat afgebrand het en nie net in Kwa Mandlenkosi nie, maar ook in Rustdene, mense wat met kleinkinders in die donkerte is, met kleinkinders ons moet toesien hoe ons daardie mense kan help met lig. Ons is 20 jaar in demokrasie, en daar is nog steeds mense wie in donkerte gehul is, ons verlig nie die mense se omstandighede nie. Ek wil bysê ons sien die dinge maar ons doen niks daaraan om die mense se lot te verlig nie, omdat ons nie self uitgaan om die omstandighede in die huis te gaan kyk nie.

Ek wil vir mnr. Van Staden bedank vir sy hulp wat hy aangebied het, hy gegaan na die woning om te kyk hoe hy die omstandighede van die kinders kan verlig. Die Raad se vooruitgaan hang van ons almal af. As ons uitgaan om hierdie probleme te gaan kyk en probeer werk aan die probleme, ons moet dit nie politiseer nie.

Dat die werkwinkel agter die rug gesit word, sodat ons praat met mekaar.

Baie dankie

## **5. VERKLARINGS EN MEDEDELINGS DEUR DIE UITVOERENDE BURGEMEESTER**

3/4/1

Baie dankie mnr. Die Speaker

Ons munisipaliteit is in 'n netelige finansiële posisie. Ons "roadshows" gehand met dien al die interne stakeholders ons het die posisies van ons verduidelik. Ons het in die tussentyd die Administrasie beopdrag om 'n "turnaround" strategie vir ons uit te werk te hou op Vrydag, 26 September 2014 as 'n hele groep in die Karoo Nasionale Park te hou om die financial turnaround strategy uit te werk en te bespreek en die implementering daarvan. Ten opsigte van oortyd R 303.000 per maand en tydelike werker R445 000.00 per maand ons sal moet ernstig die bande styf maak en dit is belangrik dat almal daarvan moet wees. Kennisgewing sal uitgaan sodra ons met die Munisipale Bestuurder gepraat het vir Vrydag.

Ons sit met 'n ander probleem dat ons in detail kyk na die Kredietbeheer beleid van die Munisipaliteit. Wat my betref is die kredietbeheer beleid 'n "cut en past" dokument. Ons maak so gebruik van Konsultante as jy die een kredietbeheerbeleid sien kan vra dan kom dit van 'n ander Munisipaliteit af daar is so baie gapings binne die beleid. Ek dink by daardie werkwinkel moet die kredietbeheer beleid in diepte bespreek word om die sosio ekonomiese omstandighede van die mense teenoor die betaal kultuur van die mense te kyk. Die probleem wat tensie veroorsaak by die werkersklas is die essensiële dienste moet ook bespreek word.

Die ander groot probleem is ons praat met alle Raadslede, Community Participation 'n grondwetlike vereiste is in Raadslede Chapter 159 van die grondwet die plaaslike regering en die wykskomitee moet op 'n gereelde basis byeenkom vir terugvoering, en nie net plaaslike regering nie. Ek is bly die Speaker van die Provinsiale Parlement is ook by die vergadering ons weet nie weens wie is waar gedeploy nie. Ons het 'n hoë werkloosheid syfer in Beaufort-Wes, u het dit kan lei tot 'n revolusie. Ons het die wilde kat strikes gesien ons moet die rooi vlac vroegtydig identifiseer.

Die kwessie van die 50/50 krag moet ook deel vorm van die turnaround strategy. Die ander kritiek kwessie is dat ons mense moet aflê van die 100 mense. Daar is met almal gepraat en daar is mense wat op projekte is wat ons nie meer kan onderhou nie. Ons het begin met 'n bankbalans van R1.25 mil. in 2011 ons loop nou na R5 mil. Dit is nou nie soos dit moet

wees nie. Vrydag, 26 September 2014 moet ons 'n politiek en Administratiewe wil het om dit aan te pak. Die impak van die politieke wil na buitekant moet ook gekyk word.

Ons weet van mense wat by die EWP werk en CWP werk, daar moet ook nie 'n misverstand wees in die Administrasie nie. Die EWP hulle hoef nie te gaan nie omdat ons die geld weer eis. As ons die groep identifiseer moet hulle gaan. Die koste effektiwiteit moet gekyk word wat spaar ons en vir hoeveel maande. Reis en verblyf is 3 maande in die finansiële jaar is omtrent R300.000 minimum competency kursusse wat deur Senior Bestuur bygewoon moet word ons nie na die Finansies kyk nie. As ons die munisipaliteit nie reg bestuur nie kan hulle ons onder Administrasie plaas.

Die sny van die oortyd, ek het 'n onstellende brief van 'n Direkteur gekry, wat ek glad nie meer saam stem nie terwyl jy in 'n noodtoestand is praat jy van mense se regte. Hoofstuk 16 van die Grondwet is duidelik die jou regte tot beperkinge. As daar sekere goed gebeur dan begin jou regte toe beperking.

Die volgende punte sal Vrydag, 26 September 2014 bespreek word, die Kredietbeheer moet bespreek word, die gemeenskap betrokkenheid moet bespreek word, al moet ons ook slegte nuus moet oordra moet ons as leier moet ons die redflags moet identifiseer word. Die persepsie dat die Munisipaliteit moet werk skep weg geneem moet word moet ons verander. Ons wil hê dat almal daar moet wees. As ons high level vra vrae kan ons ons high level debates het en high level besluite neem.

Die ander kwessie is ons hoop nie ons gaan xenophobia aanvalle kry nie. As ons die migrasie van die internasionale Afrika lande in ons dorp, met huiswinkels wat my betref is dit nie zenophobia aanvalle die dus surveil aanvalle. Die entrepreneurs skills wat ons mense nie het, ek dink ons moet dit vasvat en dan ook die misdaad wat skielik die hoogte ingeskiet het, dus die probleme wat ons as 'n span moet vasvat en saamvat. Ek't baie kere gedink aan 'n 1000 maar as ons ernstig is is dit 2000 man march ons het op 'n stadium 'n 3 jaar march gehad om die groot probleme aan te spreek. Ons is nie meer toegewyd aan die gemeenskap nie, maar aan die ons persoonlike probleme aan die einde van die dag as ons die stryd teen misdaad verloor kan ons net sowel ons deure toe maak.

Op daardie noot nooi ek almal om Vrydag, 27 September 2014 om 08:00 tot so 14:00 met mekaar koppe stamp en die voorleggings wat deur die betrokke Direkorate gedoen word. As ons sê ons sny dan moet daar gesny word, dan verwag ons daar moet gesny word.

Almal is nie finansiële eksperts nie, daar is verdeling van werk ons het 'n verkeerde finansiële besluite geneem in my oë, as ons met 'n groot projek begin wat finansiële impak het dit was 'n swak finansiële besluit ons kan eksperts inkry as ons eksperte het nie om te kyk wat die ding ons gaan kos op 'n langskaal.

Die probleem met die watertags, ons het 3 maande gelede met die watertags begin daar is nou 'n gevoel dat ons met 'n ander stelsel moet begin. Dus die probleme wat ons gaan bespreek.

## **6. VOORLEGGING DEUR NELSPOORT INWONERS**

### **6.1 AFSKRYF VAN AGTERSTALLIGE SKULD**

Mnr. Raymond Bezuidenhout versoek die Raad of hulle wonings (10 persone) se agterstallige skuld nie afgskryf kan word nie. In die verlede het die Uitvoerende Burgemeester gesê dat die skuld afgeskryf kan word soos in die tyd van mnr. De Witt.

Die Munisipale bestuurder meld dat die wonings nie oorgedra kan word, omdat die persone Staatswerkers was wat nie gekwalifiseer vir 'n staatsubsidie nie.

#### **BESLUIT**

dkd

6.1 Dat daar ondersoek ingestel word of daar nog wonings of persone is met soortgelyke probleme soos deur die inwoners van Nelspoort vermeld.

6.2 Dat 'n verslag met betrekking tot die wonings ter sprake voor die Raad dien ten einde die aangeleentheid te bespreek en dienooreenkomstig besluite te neem.

## **7. OORWEGING VAN VERSLAE DEUR DIE UITVOERENDE BURGEMEESTER**

### **7.1 MFMA: ARTIKEL 71: MAANDELIKSE STATE: AUGUSTUS 2014**

5/1/2/1;8/1/1/2/3

ba

Raadsheer T Prince gesekondeer deur Raadslid G de Vos stel voor dat die maandelikse state soos uiteengesit in Artikel 71 van die MFMA vir die maand Augustus 2014, goedgekeur en aanvaar word.

**EENPARIG AANVAAR  
ALDUS BESLUIT**

## **8. DRINGENDE AANGELEENTHEID DEUR DIE MUNISIPALE BESTUURDER**

### **8.1 AGENDA: 6<sup>DE</sup> GEWONE MAANDELIKSE RAADSVERGADERING: 26 AUGUSTUS 2014**

#### **8.1.1 LANDIENSTOEKENING**

4/6/1/6

**GEEN**

#### **8.1.2 EMPLOYEES**

SP

**GEEN**

**8.1.3 CLO'S**  
3/2/3/1; 3/4/1

**BESLUIT**

dkd  
bpd

8.1.3.1 Dat CLO's daagliks by die Speaker se Persoonlike Assistent aanmeld en uitteken.

8.1.3.2 Dat die aangeleentheid met betrekking tot die CLO's weer voor die Raad dien vir bespreking.

**8.1.4 WESTERN CAPE GOVERNMENT: HUMAN SETTLEMENTS: 2014/2015: COUNCILLOR REFRESHER TRAINING NEEDS ASSESSMENT**  
4/4/1

**RESOLVED**

bpd

That Councillors who are interested in this courses may attend it.

**8.1.5 2014/2015 KAPITAALBEGROTING: MIG PROJEKTE**  
5/1/1

**BESLUIT**

aa

Dat die MIG befondsing wat geormerk is vir die opgradering van gruisstrate bewillig word vir Disolaan in Kwa-Mandlenkosi en Perlweg in Murraysburg.

**8.1.6 PROVINCIAL TREASURY REVIEW AND FEEDBACK: FINAL BUDGETS: 2014: BEAUFORT WEST MUNICIPALITY**  
5/1/2/1

**NOTED**

**8.1.7 FORMULERING VAN RAADSBEESLUIT: AFSKRYF VAN HOË WATERREKENINGE WAAR LEKKASIES VOORKOM EN GERAPPORTEER WORD**  
5/10/5

ba

DA komponent van Raad vra om 'n koukus synde 11:25. By hervatting om 11:27 meld Raadslid DE Welgemoed gesekondeer deur Raadslid AD Willemse stel voor-

8.1.7.1 Dat die gemiddelde bedrag vir 3 maande gebruik word as basis vir die berekening van waterverbruik ingevalle van waterlekkasies.

8.1.7.2 Dat die Direkteur: Ingenieursdienste 'n verslag saamstel en voor die Raad laat dien met betrekking tot die omvang van waterverlies.

8.1.7.3 Dat ondersoek ingestel word om 'n persoon/persone aan te stel om verliese aan te spreek.

**EENPARIG AANVAAR  
ALDUS BESLUIT**

**8.1.8 BEAUFORT-WES MUNISIPALITEIT VS GI DE VOS: SAAK NR. 1372/13  
5/10/5**

[Raadslid G de Vos verlaat die vergadering met die aanvang van bespreking van hierdie aangeleentheid.]

**BESLUIT**

dkd

Dat die aangeleentheid na die eersvolgende spesiale raadsvergadering verwys word.

[Raadslid G de Vos sluit by die vergadering aan na afloop van die bespreking van hierdie aangeleentheid.]

**8.1.9 SCM: IMPLEMENTATION REPORT: 2013/2014: FINANCIAL YEAR  
6/1/1/1**

**RESOLVED**

dkd 8.1.9.1 That the Supply Chain Management, Implementation Report for the 2013/2004, Financial year be accepted and approved.

8.1.9.2 That amount of deviations with the reasons for deviation be tabled at the next Council meeting.

**8.1.10 AANSOEK OM HERNUWING VAN DIE HUUROORENKOMS TEN OPSIGTE  
VAN DIE VEHRING VAN MEENTGROND TE MURRAYSBURG:  
MURRAYSBURG OPKOMENDE BOERE**

7/3/4/1/1

aa

Raadslid L Deyce gesekondeer deur Raadslid G de Vos stel voor dat daar voortgegaan word met die verhuur van die meent te Murraysburg aan die Murraysburg Opkomende Boere, vir 'n tydperk van 5 jaar teen 'n R100.00 per jaar.

DA komponent vra vir 'n kookus om synde 11:50. By aanvang synde 11:55 stel Raadslid DE Welgemoed gesekondeer deur Raadslid R van der Linde voor dat die meentgrond te Murraysburg aan die opkomende boere teen markwaarde verhuur word.

Die Speaker bring beide voorstelle tot stemming waarna die uitslag soos volg uitsien:

5 stemme vir die voorstel van Raadslid DE Welgemoed gesecondeer deur Raadslid R van der Linde

5 stemme vir die voorstel van Raadslid L Deyce gesecondeer deur Raadslid G de Vos

Die Speaker bring sy beslissende stem uit ten gunste van die voorstel van Raadslid L Deyce sekondeer deur Raadslid G de Vos.

Raadsheer T Prince meld dat die roep van die armes inaggeneem word.

Raadslid DE Welgemoed meld dat dit landbou is en nie die roep van die armes nie inaggeneem kan word nie.

**ALDUS BESLUIT**

**8.1.11 AANSOEK OM AANKOOP VAN GEDEELTE GROND TUSSEN ERF 143 EN DIE LYKSHUIS TE MERWEVILLE**

7/3/4/1/3/1

**BESLUIT**

kk Die aangeleentheid oorstaan tot Raadslid J Bostander teenwoordig is in die vergadering.

**8.1.12 AANSOEK OM AANKOOP VAN ERF 7413: VOORMALIGE PADVINDERSAAL: ME. SL VAN WYK**

7/1/4; 7/3/4/1/3/1

Raadslid G de Vos gesecondeer deur Raadslid GT Murray stel voor:-

ba

8.1.12.1 Dat goedkeuring verleen word dat erf 7413, Voormalige Padvindersonaal aan me SL van Wyk teen markwaarde verkoop word onderhewig daaraan:

8.1.12.1.1 Dat die eiendom slegs vir die doel van 'n Kleuterskool aangewend mag word.

8.1.12.1.2 Dat 'n waardasie van die eiendom gedoen word om die markwaarde te bepaal.

8.1.12.1.3 Dat die Raad se voorneme om erf 7413 te verkoop, per openbare kennisgewing adverteer word.

**EENAPRIG AANVAAR  
ALDUS BESLUIT**



**8.1.13 AANKOOP VAN GEDEELTE GROND OORKANT ERF 1874: BEAUFORT-WES**

7/3/4/1/3/2

**BESLUIT**

- ba Dat die aansoek om aankoop van gedeelte van die grond oorkant erf 1874, Beaufort-Wes nie toegestaan word nie.

**8.1.14 AANSOEK OM AANKOOP VAN ERF: MURRAYSBURG: O.M. BANS**

7/3/4/1/3/2

**BESLUIT**

- ba Dat die gedeelte van erf 388 nie verkoop word nie omrede die gedeelte grond die toegangsweg tot laasgenoemde erf vanuit Hanistraat is.

**8.1.15 AANSOEK OM AANKOOP VAN ERF 8980: BEAUFORT-WES**

7/3/4/1/3/4

**BESLUIT**

- ba Dat goedkeuring verleen word dat erf 8980, uit die hand te koop aangebied word as 'n kerkerf teen 'n minimum prys van R16 000.00 BTW uitgesluit.

**8.1.16 SUPPLY CHAIN MANAGEMENT MONTHLY IMPLEMENTATION REPORT**

8/1/1/2/3; 7/2/2

**BESLUIT**

- aa 8.1.16.1 That the Supply Chain Management Monthly Implementation Report be accepted and approved.

- 8.1.16.2 That a copy of the invoice for services of AJ Transport and Marais, Muller and Yekiso be made available to Councillor DE Welgemoed.

**8.1.17 STANDARD DRAFT MUNICIPAL LAND USE BY-LAW AND SPLUMA REGULATIONS: A WAY FORWARD**

12/1/B

**NOTED**

**8.1.18 BEPLANNING VAN MUNISIPALE BEPLANNINGSTRIBUNAAL INGEVOLGE WET OP RUIMTELIKE BEPLANNING EN GRONDGEBRUIKBESTUUR 2013, WET 16 VAN 2013**

12/1/B

**BESLUIT**

- ba 8.1.18.1 Dat in beginsel goedkeuring verleen word vir die instel van 'n eie Beplanningstribunaal vir Beaufort-Wes Munisipaliteit welke Tribunaal soos volg saamgestel sal word:-

8.1.18.1.1 3 x Amptenare in diens van Beaufort Wes Munisipaliteit.

8.1.18.1.2 1 x Amptenare van Provinsiale-/ Nasionale Departement van Omgewingsake en Ontwikkelingsbeplanning

8.1.18.1.3 1 x Regsgeleerde, wat 'n Plaaslike Praktiserende Prokureur moet wees.

8.1.18.2 Dat ter geleë tyd persone identifiseer word om op die Tribunaal te dien.

**8.1.19 AANSOEK OM HERSONERING EN VERGUNNINGSGEBRUIK: ERF 3589: GORDONSTRAAT 33, NIEUVELD PARK, BEAUFORT-WES: C SIMON (PIETER MAMPARA)**

12/3/2; 12/4/4/2

**BESLUIT**

- ba Dat mnr. Simon 'n nuwe aansoek inhandig vir die hersonering en vergunningsgebruik van erf 3589, Gordonstraat 33, Nieuveld Park, Beaufort-Wes, C Simon.

**8.1.20 AANSOEK OM HERSONERING EN VERGUNNINGSGEBRUIK: ERF 381: FREDDIE MAX SINGEL 77: NELSPOORT: J LOTTERING**

12/4/4/2

**BESLUIT**

- kk Dat hierdie aangeleentheid oorstaan vir die eersvolgende Spesiale Raadsvergadering.

**8.1.21 AANSOEK OM OORSKRYDING: ERF 374: MEINTJIESSTRAAT: BEAUFORT-WES**

**BESLUIT**

- ba Dat die aansoek vir die oorskryding van erfsgrens van erf 374, te Meintjiesstraat nie goedgekeur word nie, weens die ligging van die 150 mm hoofwaterlyn aangrensend tot die erfsgrens van erf 374.

**8.1.22 NOTULE/VERSLAG VAN 'N VERGADERING VAN DIE 1<sup>STE</sup> ARBEIDSFORUM GEHOU OP 07 JULIE 2014**

bpd

Raadslid G de Vos gesekondeer deur Raadsheer T Prince stel voor dat notules voorgelê per items 8.1.22 tot 8.1.24 goedgekeur en aanvaar word.

**EENPARIG AANVAAR  
ALDUS BESLUIT**

**8.1.23 NOTULE/VERSLAG VAN 'N VERGADERING VAN DIE 2<sup>DE</sup> SPESIALE VERGADERING ARBEIDSFORUM GEHOU OP 11 JULIE 2014**

Afgehandel onder item 8.1.22

**8.1.24 NOTULE/VERSLAG VAN 'N VERGADERING VAN DIE 3<sup>DE</sup> SPESIALE VERGADERING ARBEIDSFORUM GEHOU OP 21 JULIE 2014**

Afgehandel onder item 8.1.22

**8.1.25 NOTULE/VERSLAG VAN 'N VERGADERING VAN DIE STAANDE KOMITEE: MENSLIKE HULPBRON EN ONTWIKKELINGSKOMITEE GEHOU OP 21 JULIE 2014**

ba

Afgehandel onder item 8.1.22

**8.1.26 NOTULE/VERSLAG VAN 'N VERGADERING VAN DIE STAANDE KOMITEE: FINANSIËLE DIENSTE EN ONTWIKKELING GEHOU OP 21 JULIE 2014**

ba

Afgehandel onder item 8.1.22

**8.1.27 MEDEDELINGS VAN DIE SPEAKER**  
3/4/1

**KENNIS GENEEM**

**8.1.28 MEDEDELINGS VAN DIE WYRDE UITVOERENDE BURGEMEESTER**  
3/4/1

**KENNIS GENEEM**

**8.1.29 DRAFT BEAUFORT WEST MUNICIPALITY: IDP REVIEW PROCESS PLAN:  
2015/2016**  
10/3/3/5/10

Item alreeds goedgekeur op 02 September 2014.

**8.1.30 DIENSVOORWAARDES: MUNISIPALE BESTUURDER**  
SP

Sien Afsonderlike Notuleboek

**8.1.31 REMUNERATION: DIRECTORS**  
SP

Sien Afsonderlike Notuleboek

**8.2 GOVERNMENT GAZETTE NR. 37921**  
1/1/2/1

**NOTED**

**8.3 MUNICIPAL FINANCE IMPROVEMENT PROGRAMME PHASE II (MFIP II)**  
4/1/1/1

**RESOLVED**

bpd 8.3.1 That the Administration ensure that this programme must not have any financial implications for Council.

8.3.2 That the participation in the Municipal Finance Improvement Programme Phase II be approved.

**8.4 VERHURING VAN PERSONEELWONING: VOORTREKKERSTRAAT 19**  
7/1/4

**BESLUIT**

- aa 8.4.1 Dat die personeelwoning geleë te Voortrekkerstraat 19 aan me. RA Wildeman vir die bedrag van R1700.00 BTW ingesluit synde markwaarde vir 'n termyn van vier-en-twintig (24) maande verhuur word.
- 8.4.2 Dat me. Wildeman verantwoordelik gehou word vir die betaling van die huur- en dienstegelde vanaf die datum van okkupasie.
- 8.4.3 Dat 'n wysiging in die kontrak aangebring word dat indien Me. RA Wildeman se dienste by die Munisipaliteit beëindig word vir welke rede ookal, sy die woning onmiddelik moet ontruim.

**8.5 VOORGESTELDE VERVREEMDING VAN VERSKEIE WOONERWE TE RUSTDENE**  
7/3/4/1/3/2

**BESLUIT**

- ba  
Dat goedkeuring verleen word dat die woonerwe te Rustdene uit die hand te koop soos volg verkoop word:-

Erf 4474	-	R16 000	BTW uitgesluit.
Erf 4488	-	R15 500	BTW uitgesluit.
Erf 4491	-	R15 000	BTW uitgesluit.
Erf 4492	-	R15 000	BTW uitgesluit.

**8.6 VOORGESTELDE VERVREEMDING VAN ERWE 398 EN 399: MURRAYSBURG**  
7/3/4/1/3/2

**BESLUIT**

- ba  
Dat erwe 398 en 399 Murraysburg uit die hand uit op die opemark te koop aangebied word teen die markverwante waardasie van R15,000.00 per erf BTW uitgesluit.

**8.7 AANSOEK OM AANKOOP VAN ERF 760: PENTECOSTAL UPPER HALL OF SOUTH AFRICA**  
7/3/4/1/3/4

- ba  
[Raadslid L Deyce verlaat die vergadering tydens die bespreking van hierdie aangeleentheid.]

Dat in beginsel goedkeuring verleen word dat erf 760, aan die Pentecostal Upper Hall of South Africa te koop aangebied word en dat die erf waardeer word.

Dat die water en elektrisiteit aansluiting vir die rekening van die aansoeker sal wees.

[Raadslid L Deyce sluit by die vergadering aan nadat item 8.7 bespreek is.]

**8.8 IBOVA LIFESTYLE EVENTS MANAGEMENT PROJECT PROPOSAL: HERITAGE FESTIVAL MANDLENKOSI STADIUM: 27 SEPTEMBER 2014**

9/4/2/4

mb

dkd Councillor G de Vos seconded by Councillor GP Adolph proposed that Council approve the proposal of Ibova Lifestyle Events Management project for the Heritage Festival in Kwa Mandlenkosi on 27 September 2014 for an amount of R69700 finance from the Public Participation Budget.

Councillor DE Welgemoed seconded by Councillor R van der Linde proposed that Council support the project as long as it has no financial implications for Council.

The Speaker brings both proposals to vote:

5 votes for the proposal of Councillor DE Welgemoed seconded by Councillor R van der Linde

5 votes for the proposal of Councillor G d Vos seconded by Councillor GP Adolph.

The Speaker casts his casting vote for the proposal of Councillor G d Vos seconded by Councillor GP Adolph.

**ALDUS BESLUIT**

**8.9 BIG WALK 204: MERWEVILLE**

10/1

**BESLUIT**

aa

Dat die aangeleentheid as afgehandel beskou word aangesien die funksie alreeds plaasgevind het.

**8.10 FORMAL NOTIFICATION OF THE NEXT SITTING OF THE SALGA PROVINCIAL MEMBERS ASSEMBLY (PMA)**

10/3/2/3/4

**RESOLVED**

mb

That members of Council may attend the next sitting of the SALGA Provincial Members Assembly (PMA), provided that one vehicle be used for traveling to the event.

**8.11 APPLICATION FOR THE REGISTRATION OF SERVITUDES OVER MUNICIPAL LAND IN FAVOUR OF ESKOM**

12/4/2

**RESOLVED**

- ba 8.11.1 That permission be granted to Beaufort West Photo Voltaic (Pty) to erect power lines on the following municipal property, as stipulated on the Annexure 374 to 401 of the agenda and to register the required servitudes in favour of ESKOM.
- 8.11.2 That the compensation as offered in the servitude agreement be accepted.
- 8.11.3 That the Municipal Manager be authorised to sign all the necessary documents in this regard on behalf of the Municipality.

**8.12 AANSOEK OM HERSONERING: ERF 23: HUGENOOTSTRAAT 110: MERWEVILLE: FUTURE 69 TRUST**

12/4/4/2

**BESLUIT**

kk

Dat hierdie aangeleentheid oorstaan.

**8.13 AANSOEK OM HERSONERING: ERF 73: GARBSTRAAT 10, NOORD-EINDE: BEAUFORT-WES: J. WILLEMSE**

12/4/4/2

**BESLUIT**

ba

Dat goedkeuring ingevolge Artikel 16 van Ordonnansie 15 van 1985 verleen word vir die hersonering van erf 73, Garbstraat 10, Noord-Einde, Beaufort-Wes vanaf Residensiële Sone I na Residensiële Sone III onderworpe aan die volgende voorwaardes:-

- 8.13.1 Dat daar minstens vir 1 parkeerplek per slaapkamer op die perseel voorsiening gemaak moet word.
- 8.13.2 Dat die in- en uitgang vanuit Garbstraat so ontwerp moet word dat geen parkering op die sygaardjie geskied nie.
- 8.13.3 Dat die parkering tot genoeg van die Raad gebou moet word met 'n weervaste oppervlak en parkeervakke op die perseel duidelik uitgemerk moet wees.
- 8.13.4 Dat formele bouplanne ingedien moet word by die Departement: Ingenieursdienste.
- 8.13.5 Dat 'n tweede elektriese diensaansluiting op erf 73 gemaak moet word met 'n maksimum aanvraag van 60 ampère. Voorts dat die koste verbonde aan die aansluiting vir die rekening van die aansoeker sal wees ooreenkomstig die heersende tariewe op datum van aansluiting.

8.13.6 Dat die eienaar verantwoordelik sal wees vir die volgende grootmaatsdienste bydraes:-

- Water : R2,800.00 per eenheid vir 10 addisionele oornagkamers
- Riool : R2,100.00 per eenheid vir 10 addisionele oornagkamers
- Elektrisiteit : R5,140.00

**8.14 AANSOEK OM HERSONERING: RESTANT ERF 1449: VOORTREKKERSTRAAT 33: BEAUFORT-WES: FS VIVIER TRUST**

12/4/4/2

**BESLUIT**

ba

Dat goedkeuring ingevolge Artikel 16 van Ordonnansie 15 van 1985 verleen word vir die hersonering van Restant Erf 1449, Voortrekkerstraat 33, Beaufort-Wes vanaf Residensiële Sone I na Sakesone III, onderhewig daaraan:-

8.14.1 Dat die elektrisiteitsaanvraag beperk word tot maksimum 60 ampère en indien 'n groter aansluiting benodig sou word dit van die eienaar vereis sal word om 'n bydrae tot die Grootmaatsdienste fonds te maak.

8.14.2 Dat 8 parkeerplekke met 'n weervaste oppervlak op die perseel voorsien moet word.

**8.15 "PROPOSAL FOR KWA MANDLENKOSI RESIDENTIAL SITE PLAN"**

12/4/6/2/1

Die Munisipale Bestuurder meld dat dit 'n ongevraagde aanbod is.

dkd

Raadslid G de Vos gesekondeer deur Raadslid GP Adolph stel voor dat die voorstel vir die opstel van veldplanne vir Kwa-Mandlenkosi, goedgekeur word onderhewig daaraan dat daar voldoen word aan die voorwaardes soos neergelê deur die Kantoor van die Direkteur: Ingenieursdienste.

Raadslid AD Willemse gesekondeer deur Raadslid R van der Linde stel voor dat die voorstel vir die opstel van veldplanne vir Kwa Mandlenkosi, nie goedgekeur word nie.

Die Speaker bring beide voorstelle tot stemming waarna dit soos volg uitsien:-

5 stemme vir die voorstel van Raadslid AD Willemse gesekondeer deur Raadslid R van der Linde

5 stemme vir die voorstel van Raadslid G de Vos sekondeer deur Raadslid GP Adolph.

Die Speaker bring sy beslissende stem uit ten gunste van die voorstel Raadslid G de Vos sekondeer deur Raadslid GP Adolph.

**ALDUS BESLUIT**



**8.16 AANSOEK OM VERSLAPPING VAN OOSTELIKE KANTBOULYN EN WESTELIKE STRAATBOULYN: ERF 116, h/v KINNEAR- en GARCIASTRAAT: BEAUFORT-WES: W.W. MILLARD**

12/4/6/3/2

**BESLUIT**

ba

Dat goedkeuring ingevolge Artikel 15(1)(b) saamgelees met Artikel 15(1)(a)(i) van Ordonnansie 15 van 1985 verleen word vir die verslapping van die oostelike kantboulyn en westelike straatboulyn op erf 116 na 1m en 2m onderskeidelik soos opgelê kragtens die Skemaregulasies van toepassing op Beaufort-Wes ten einde 'n TV kamer en slaapkamer aan te bou.

**8.17 RECENT AMENDMENTS TO THE NATIONAL ENVIRONMENTAL MANAGEMENT ACT, 1998 (“NEMA”) REGARDING CRIMINAL CHARGES AGAINST ORGANS OF STATE**

13/7/16/1

**NOTED**

**8.18 VERHURING VAN KLUBHUIS BY AMOR GREEN SPORTGRONDE**

14/9/1

aa

Raadslid G de Vos gesekondeer deur Raadslid L Deyce stel voor dat die huidige okkupeerder die woning moet ontruim.

Raadslid DE Welgemoed gesekondeer deur Raadslid R van der Linde stel voor dat die huidige okkupeerder in die klubhuis by Amor Green Sportgronde voortgaan om die klubhuis te bewoon.

Die Speaker bring beide voorstelle tot stemming waarna dit soos volg uitsien:-

5 stemme vir die voorstel van Raadslid DE Welgemoed gesekondeer deur Raadslid R van der Linde

5 stemme vir die voorstel van Raadslid G de Vos sekondeer deur Raadslid L Deyce

de Die Speaker bring sy beslissende stem uit ten gunste van die voorstel van Raadslid G Vos gesekondeer deur Raadslid L Deyce.

**ALDUS BESLUIT**

**8.19 OORDRAG VAN WONING TE STEENKAMPWEG 41: ERF 5419: E. MARTINS**

14/11/3/2/2; 14/11/3/2/3; Erfleër: 5419

aa

Raadslid G de Vos gesekondeer deur Raadsheer T Prince stel voor dat die woning geleë te Steenkampweg 41, aan me. E Martins toegeken word wie dit tans bewoon.

**EENPARIG AANVAAR  
ALDUS BESLUIT**

## **8.20 TOEKENNING VAN WONING: ERF 2634 KWA-MANDLENKOSI**

14/11/3/2/25

Die Speaker meld dat die Agbare verskeie persone gekontak het om advies in te win en is die Speaker dienooreenkomstig geadviseer dat die Raadslede wat die aanbevelings in die Komitee geneem het nie hoef te onttrek as dieselfde aangeleentheid voor die Raad dien nie.

Raadslid Welgemoed vermeld dat die aangeleentheid nie 'n appèl is in terme van Artikel 62 van die Stelselwet nie.

Die Munisipale Bestuurder meld dat die aangeleentheid 'n appèl ingevolge Artikel 21 van die Stelselwet is en dat die Komitee wie die aanbeveling gemaak het nie deel van die besluit kan wees nie en die betrokke Raadslede van die vergadering moet onttrek.

aa

Raadslid G de Vos gesekondeer deur Raadslid L Deyce stel voor dat die woning ooreenkomstig die aanbeveling van die Staande Komitee: Munisipale Dienste en Infrastruktuur geneem op 04 Junie 2014 per item 11, aan Mnr. DF Zukelwa toegeken word.

**EENPARIG AANVAAR  
ALDUS BESLUIT**

## **8.21 AANSOEK VIR DIE TOEKENNING VAN EIENDOM: MNR. SJ JASS (NOHANNA STRAAT 128), MANDLENKOSI**

14/11/3/2/25

**BESLUIT**

aa 8.21.1 Dat erf 2981 met Titelakte Nr. T12480/2000 ontnem word van mnr. SJ Jass en terug geplaas word aan die Munisipaliteit.

8.21.2 Dat daar gekyk word om 'n alternatiewe erf aan mnr. SJ Jass toegeken word.

## **8.22 KONSOLIDASIE PROJEK: ERF 2970 KWA-MANDLENKOSI: ME. I NGONDO**

14/11/3/2/25

**BESLUIT**

ba Dat goedkeuring verleen word om erwe 2969 en 2970 te konsolideer en die gekonsolideerde erf aan me. Ngondo oorgedra word.

**8.23 NOTULE/VERSLAG VAN DIE 1<sup>ste</sup> VERGADERING VAN DIE ARBEIDSFORUM GEHOU OP 07 JULIE 2014**

**BESLUIT**

bpd Reeds afgehandel onder item 8.1.22 van hierdie notule.

**8.24 NOTULE/VERSLAG VAN DIE 3<sup>de</sup> VERGADERING VAN DIE ARBEIDSFORUM GEHOU OP 20 AUGUSTUS 2014**

**BESLUIT**

bpd Dat die notule/verslag van 'n vergadering van die 3<sup>de</sup> Vergadering van die Arbeidsforum  
dkd gehou op 20 Augustus 2014, soos gesirkuleer goedgekeur en aanvaar word.

**8.25 NOTULE/VERSLAG VAN DIE VERGADERING VAN DIE OUDITKOMITEE GEHOU OP 28 AUGUSTUS 2014**

**BESLUIT**

Mb Dat die notule/verslag van 'n vergadering van die Ouditkomitee gehou op 28 Augustus  
2014, soos gesirkuleer goedgekeur en aanvaar word.

**8.26 NOTULE/VERSLAG VAN 'N VERGADERING VAN DIE STAANDE KOMITEE: FINANSIËLE DIENSTE en ONTWIKKELINGSKOMITEE GEHOU OP 02 SEPTEMBER 2014**

**BESLUIT**

Ba Dat die notule/verslag van 'n vergadering van die Staande Komitee: Finansiële Dienste en  
Ontwikkelingskomitee gehou op 02 September 2014, soos gesirkuleer goedgekeur en  
aanvaar word.

**8.27 COMPLIANCE: REPORTING OF EXEMPTIONS: REDUCTIONS AND REBATES OF PROPERTY RATES: 2012/2013 FINANCIAL YEAR**

5/4/1/3

**RESOLVED**

dkd That all exemptions, rebates, reductions, income forgone and exclusions as stipulated on  
Annexure 596 to 688 of the agenda for the 2012/2013 financial year, be approved.

**8.28 VUL VAN VAKATURE: BESTUURDER SIVIELE DIENSTE : ING 86- T16**  
4/3/2

**BESLUIT**

kk Dat hierdie item na die eersvolgende Spesiale Raadsvergadering verwys word.

**8.29 VERSKEIE ONDERSOEKE: DEPARTEMENT WATERWESE: SPEAKER**  
13/1/1

**KENNIS GENEEM**

**8.30 ONDERSOEK: MNR. S MOSES // MNR JCL SMIT**  
SP

**BESLUIT**

kk Dat hierdie na die eersvolgende Spesiale Raadsvergadering verwys word.

**8.31 APPLICATION TO RENT/LEASE THE MUNICIPAL HOUSE SITUATED AT 112 BIRD STREET: CATHLEEN JACOBS**  
7/1/4

**BESLUIT**

aa Dat geen toekenning gemaak word nie. Voorts dat die beskikbaarheid van die woning geleë te Birdstraat 112 vir die verhuring daarvan her-adverteer word.

**8.32 VERHURING VAN MUNISIPALE PERSONEELWONING TE BIRDSTRAAT 112**  
7/1/4

Afgehandel onder item 8.31.

**8.33 NOTULE/VERSLAG VAN 'n UITGEBREIDE BUITENGEWONE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE VERGADERING GEHOU OP 13 AUGUSTUS 2014**

**BESLUIT**

Ba Dat die notule/verslag van 'n Uitgebreide Buitengewone Uitvoerende Burgemeesterskomitee vergadering gehou op 13 Augustus 2014 soos gesirkuleer, goedgekeur word.

### **8.34 AANSOEK OM ONDERVERDELING, HERSONERING EN KONSOLIDASIE: GEDEELTE 11 VAN DIE PLAAS KUILSPOORT NO 161**

12/4/4/2

Raadslid GT Murray gesekondeer deur Raadslid GP Adolph stel voor:

ba

8.34.1 Dat goedkeuring ingevolge Artikel 16 (1) en 25 Ordonnansie 15 van 1985 verleen word vir die hersonering van 'n gedeelte van Gedeelte 11 van die plaas Kuilspoor Nr. 161 ongeveer 1.45 ha ("Gedeelte A") vanaf Sakesone I na Vervoersone I en die onderverdeling van Gedeelte 11 van die Plaas Kuilspoor No. 161 soos aangedui op **Bylae 760** onderworpe aan die volgende voorwaardes:

- 8.34.1.1 Dat die ontwikkelaar 'n 315 kVA miniatuur substasie by die lughawe voorsien.
- 8.34.1.2 Dat ontwikkelaar die bestaande 11 kV toevoerlyn na die Lughawe oor 'n afstand van  $\pm 3.1$  km tussen punte B + C soos aangedui op **Bylae 804** opgradeer.
- 8.34.1.3 Dat die ontwikkelaar 'n nuwe 11 kV lyn oor 'n afstand van 2.6 km soos aangedui op **Bylae 804** moet bou, met dien verstande dat indien die voorwaardes soos hierbo gestel deur die ontwikkelaar aanvaar word, geen bydrae tot die Kapitaalnetwerk Fonds gemaak hoef te word nie.
- 8.34.1.4 Dat die ontwikkelaar minstens een parkeerplek per 25m<sup>2</sup> vloer oppervlak moet voorsien welke parkeerplekke van 'n weervaste oppervlak voorsien moet wees en elke parkeervakke duidelik gemerk moet wees.
- 8.34.1.5 Dat gedeelte "A" soos getoon op **Bylae 804** gekonsolideer word met gedeelte 10 van die plaas Kuilspoor No. 161, Beaufort-Wes.

**EENPARIG AANVAAR  
ALDUS BESLUIT**

### **8.35 AFSKRYWINGS: VESKEIE ERWE**

5/10/5

dkd

Raadslid GP Adolph vra om 'n kookus waarna hy die Raad meedeel dat item 8.35 na die bosberaad van Vrydag, 26 September 2014 verwys word.

## **9. OORWEGING VAN KENNISGEWINGS VAN MOSIES**

**GEEN**

**10. OORWEGING VAN KENNISGEWINGS VAN VRAE**

**GEEN**

**11. OORWEGING VAN DRINGENDE MOSIES**

**GEEN**

Die vergadering verdaag om **13:45**.

Notule bekragtig hierdie \_\_\_\_ dag van \_\_\_\_\_2014.

---

SM Motsoane  
**SPEAKER**